Sing vooraf staande: Psalm 118:1 (p. 575)

1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (p. 157)

1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Gebed

Psalm 66:1 (p. 320)

1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Skriflesing: 1 Korintiërs 2

Teks: 1 Korintiërs 2:5, 9

...sodat julle geloof nie in die wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God. (1 Korintiërs 2:5 AFR1953)

Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, het God berei vir die wat Hom liefhet.
(1 Korintiërs 2:9 AFR1953

Ons het op 'n baie besondere manier met die Here gemeenskap.

- Die ware gelowige belewe die gemeenskap met die Here, terwyl die ongelowige of die valse gelowige dit nie ervaar nie.
- Van sy kant af gebruik die Here verskillende middele om Hom voortdurend aan die ware gelowiges te openbaar sodat hulle Hom werklik kan ken.
- Een van die dinge wat Hy openbaar aan dié wat glo, is dat hulle tot hulle troos mag weet dat die Here hulle geskik maak vir sy koninkryk.

Kom ons kyk hoe die Here Hom voortdurend aan ons openbaar.

- Ons was die afgelope jaar gereeld in eredienste. Baie mense onderskat soms die krag wat daarin sit dat jy kerk toe gaan en gaan luister na 'n preek.
- Maar as u weer vinnig na vers 1 kyk, sal u sien dat daar iets baie treffend staan: die hoofgedagte van die vers is dat Paulus die getuienis van God kom verkondig het.

Letterlik staan daar in die grondteks dat hy aan hulle die misterieë van God kom verkondig het. Ons nuwe vertaling vertaal dit dalk beter as die ou vertaling met dié woorde: *geheimnisvolle waarheid*.

- God die Heilige Gees verkondig die geheimenisse en waarhede van God aan God se kinders! Dis waaroor dit in hierdie hele gedeelte gaan.
- Die Here se wêreld is te groot en te diep vir ’n mens om te verstaan.
    - Dis ook ’n wêreld wat as gevolg van ons menslike beperktheid buite ons bereik lê, want ons lewe in ’n skepping waar jy alles kan sien, en aan alles kan vat, maar aan die Here kan jy nie vat nie en jy kan Hom ook nie sien nie, want Hy is Gees.

Maar nou laat die Here ons nie in hierdie toestand nie. Hy is ’n God van ongelooflike groot genade – Hy openbaar Hom aan ons.

As ons net vinnig kyk na al die verskillende dinge wat die Here van Homself in Jesus Christus openbaar deur Paulus se briewe, kry ons die volgende:

- Die Here Jesus tree profeties op in woord en in daad.
    - Jesus het absolute mag oor demone.
    - Jesus regeer oor dood en lewe, en bevestig dit met sy opstanding.
    - Hy is verhoog tot Kurios (gebeure-woord wat Jesus in sy koningsheerskappy beskryf).
    - Daarby wag ons die Here Jesus in wanneer Hy Homself ook nog in sy glorieryke wederkoms aan ons gaan openbaar.

Die een saak wat die hart van al hierdie dinge saamvat – dus: die hart van die evangelie – is die kruisiging van die Here Jesus Christus.

- Dit skryf Paulus ook hier neer. Dis maar wat al die eeue deur ook gepreek is.
- Lees maar net hoe die Hebreërbrief begin:
    - Die Here het eers deur profete gepreek en nou in die laaste dae deur sy eie Seun.
    - Daarna handel dit oor die kruisiging en opstanding van Jesus Christus.
- Presies dit wat Paulus in ons gelese gedeelte ook sê.

Waarom? Omdat in die lyde en sterwe van die Here Jesus die unieke aard van die Goddelike genadebewind op oorvloedige wyse ’n sigbare werklikheid is.

- Die Here Jesus het in die dieptes van vernedering en pyn afgedaal en daarmee aangetoon hoe groot Hy as Koning van Genade is.
- Aan die kruis het die Here Jesus geopenbaar dat Hy niks vir Homself vra nie, en dat Hy vir sy onderdane sy lewe gee sodat hulle vir ewig kan lewe.
- Daarmee het die Here Jesus dit wat in 2 Korintiërs 8:9 staan, heeltemal waar gemaak, naamlik dat Hy arm geword het om ons ryk te maak.

Hy het deur al hierdie verskriklikhede gegaan om sy uitverkorenes vir ewig daarvan vry te maak.

- Hy gaan doen dit nie iewers in die geheim of in die wêreld van die onsienlike nie. Hy doen dit op ons aarde en voor ons oë.

Paulus, en na hom elke predikant, preek hierdie dinge.

- Maar nie omdat hulle sulke goeie redenaars is om mense van sulke dinge te oortuig nie.
- Hulle sê dit maar doodgewoon, soos dit in vers 3 en 4 staan: die apostel gaan na die gemeente toe in groot vrees en bewing, maar die kragtige werking van God die Heilige Gees laat die gelowiges dinge hoor, verstaan en sien.

Die dominee is maar skraal in hierdie sake, maar die Gees van God is die Almagtige en Werkende Persoon wat in die gelowiges werk.

- Hy gaan ook van die Gekruisigde Jesus af uit, want die Here Jesus het Hom gestuur.
- So regeer en leer die Here Jesus sy gemeente deur die Heilige Gees – en deur die prediking.

- So beskerm Hy ons ook jaar in en jaar uit.

Dit wat Paulus gepreek het is dat die Here Jesus God is wat groot liefdeswerke oor die gelowiges verrig.

- Hy het al die beslissende handelinge aan die kruis verrig, maar Hy voltooi dit die dag met sy wederkoms.
- Hy is die ewigregerende Koning Jesus Christus – wat ook hier elke dag en elke jaar oor die gang van ons lewens beskik en regeer.

Die een wat preek (in ons geval die dominee) is nie die een wat die verandering in die harte bewerk nie.

- Die Here doen dit deur sy Gees en met sy krag.
- Die Here gryp deur die prediking van die evangelie in die harte van die mense wat daarna luister.

Net so is dit nie die buurtwag of die polisie wat ons fisiese veiligheid waarborg nie – dis die Here Jesus deur die almagtige werking van sy Gees en sy Woord.

Wanneer ons met ’n saak van hierdie soort in die Bybel werk, moet ons altyd gaan kyk na wat die Bybel op ander plekke oor hierdie saak sê.

- Hier in 1 Korintiërs 2:4 staan byvoorbeeld net dat die prediking na ons toe kom in die betoning van Gees en krag. Die nuwe vertaling vertaal die woorde met *die kragtige werking van die Gees*.
- Dit is inderdaad wat die bedoeling van die Bybel is, want in 1 Tessalonisense 1:5 leer die Here ons dat die evangelie nie net in woorde na ons toe kom nie, maar ook in krag, en in die Heilige Gees en in groot versekerdheid.

As ons dit saam met 1 Korintiërs 2 lees, kan ons dit nie anders verstaan nie – die **Gees en krag** is die **Gees en krag van God**.

- Die Here self gryp ons met krag, en dit doen Hy deur die werk wat die Heilige Gees doen.
- Die Here laat eenvoudige woorde wat gepraat word deur die prediker inval in die diepte van ons siel, waar bekering gebore word, sodat ons uit ons sondes kan opstaan in ’n nuwe lewe.

Vers 5, ons teksvers, is dus ’n slotsom waartoe die Here ons lei. Ons geloof bestaan nie in mense nie, maar in die krag van God. Dit is ’n dinamiese sin!

- Dit wat hier geskryf staan, beteken dat ons lewe voortdurend gevoed word, en dat dit elke dag groei uit die krag van die Here – dis ’n proses wat nooit ophou nie!
- God gryp self in jou lewe in met sy Woord en Gees.
- Hy verander jou daagliks in jou bekering en in die groei van jou geloof.

Kan die genade helderder gepreek word?!

Vers 6 het ’n baie belangrike sleutelwoord in wat ons ongelukkig nie in Afrikaans kan vertaal nie.

- In die Ou Vertaling staan daar *Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes*.
- Die nuwe vertaling maak daarvan: *Tog is wat ons verkondig wysheid, maar net vir die wat daarvoor ryp is,..*

*Die woord wat die Here in die oorspronklike teks gebruik beteken normaalweg **die wat vir die einde geskik is** met verwysing na die wederkoms.*

In die Septuaginta (Griekse vertaling van die Ou Testament) word hierdie woord gebruik om twee totaal verskillende Hebreeuse woorde te vertaal.

- Die een is om diere wat geen gebrek het nie, wat geskik is om geoffer te word, te beskryf.
- Die ander woord beteken *vol, volledig, iets wat voltooi is*, soos in Deuteronomium 18:13.

As ons al hierdie dinge bymekaarsit, dan kom ons agter dat die woord wat hier in 1 Korintiërs 2:6 gebruik word, beteken dat dit mense is wat vir die Here geskik is vir sy koninkryk.

- Natuurlik word hierdie mense deur Jesus Christus geskik gemaak.
- Maar dis ook presies waaroor hierdie preek gaan.

In die geloofswêreld gebeur daar baie dinge met ware gelowiges wat ’n buitestaander nie sien of voel nie – dinge wat die Here net aan die gelowiges openbaar.

- As hier ’n totaal ongelowige staan en hy sou byvoorbeeld kyk hoe u Nagmaal vier, wat sien en dink hy? Hy sien hoe ’n dominee ’n stukkie brood breek, en hoe ’n klomp mense brood uit ’n bordjie eet. Daarna drink hulle almal wyn uit ’n groot en baie ou soort wynbeker. Hulle lees uit ’n boek, sing iets en loop.
- Of as ’n baba gedoop word: Wat verstaan hy van die teken van die verlossingsverbond en van ’n mens se verantwoordelikheid om onder die leiding van die Heilige Gees die gedoopte kind vir God groot te maak?
- Hoeveel mense verstaan werklik die bedoeling van Kersfees? Jy moet ’n baie diep band met die Here hê om hoegenaamd te kan begryp dat die geboorte van die Here Jesus vir jou persoonlik tot verlossing was!

U wat gelowiges is, beleef al hierdie diep geloofsdinge.

- U beleef dit dat die Here ons deur nog ’n jaar gelei en beskerm het met sy ewige krag en liefde.
- Ons verstaan dit en bring dit nou in herinnering omdat die Here ons hierdie dieper dinge laat sien en verstaan (dit aan ons openbaar).
- Ons beleef die teenwoordigheid van die Drie-Enige God self saam met ons. Ons beleef dit dat die Here vir ons ’n geweldige onsienlike wêreld oopmaak om voor ons geestesoog te sien.
- Ons ervaar hoe die Here Jesus ons sondes se straf gedra het voor God die Vader om ons met sy toorn te versoen.
- En daarby ervaar ons hoe die Here Jesus die magte van die hel vernietig het om ons van die ewige dood vry te maak.

Dan staan die woorde van 1 Korintiërs 2:9 voor ons oë en ons verstaan wat die Here daar bedoel as Hy sê: **Wat God berei het vir die wat Hom liefhet!**

Broeders en susters, as ons nou oorstap in die nuwe jaar in, beleef dan die troos van dit wat die Here hier leer in 1 Korintiërs 2:5:

- Ons geloof bestaan nie in die wysheid van mense nie, maar in die krag van God.
- Ons beleef dus inderdaad dinge wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, en ons weet: hierdie dinge het God berei vir die wat Hom liefhet.

Geliefdes, wees dan diep dankbaar en weet dat die Here u liefhet, en u deur die krag van sy Woord en Gees vernuut om in sy ewige koninkryk te bestaan, omdat Hy u in Jesus Christus daarvoor uitgekies het.

U word beheers en beskerm deur die ewigregerende Koning Jesus Christus. Dien Hom daarom voluit met alles wat u het.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 2, 3 (33:1, 2, 3)

1 Wat ’n liefde͡en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore͡is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewge vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare͡omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

3 Wie die Midd’laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / “Sonde͡is ongeregtigheid!
Maar ons lewe͡uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 31 Desember 2010 (Middernagdiens)